



BEAUFORT-WES/BEAUFORT WEST/BHOBHOFULO

Directorate: Infrastructure Services / Direktoraat: Infrastruktuur Dienste

ICandelo: liNkonzo zeZiseko zoPhuhliso

Rig asseblief alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder/Kindly address all correspondence to the Municipal Manager/Yonke imbalelwano mayithunyelwe kuMlawuli kaMasipala

Verwysing

Reference 12/3/2
Isalathiso

Navrae

Enquiries C.B.Wright
Imibuzo

Datum

Date 22 September 2023
Uhmla

Privaatsak/Private Bag 582

Faks/Fax 023-4151373

Tel 023-4148194

E-pos / E-mail admin@beaufortwestmun.co.za

Donkinstraat 112 Donkin Street

BEAUFORT-WES

BEAUFORT WEST

BOBHOFULO

6970

VOOR-AANSOEK KONSULTASIE: BEPLANNINGSINSETTE:ERF 90: MERWEVILLE

1. Die aansoeker het die motivering aangepas met meer inligting rondom die voorstel.
2. Volgens die Beaufort Wes Sonering Skema is die primêre reg op 'n Besigheid II gesoneerde perseel – 'winkel'. Dit is nie duidelik wanneer hierdie eiendom hersoneer is vanaf Residensieël I na Besigheid II en wat daardie aansoek behels het nie. Meer inligting hieroor sal goed wees tydens die oorweging van die aansoek. Dit was nie deel van die 'her-indiening' van die voor-aansoek konsultasie nie.
3. Dit is duidelik uit die motivering dat die bestaande (oorspronklike) woning as 'winkel' aangewend gaan word wat die primêre reg is op Besigheid II eiendomme.
4. Die motivering is aangepas en die volgende word verstaan van die aansoek:
 - 4.1 Die hoof woning gaan as 'winkel' aangewend word.
 - 4.2 Die 'caretaker quarters' gaan steeds as residensiele woning aangewend word.
 - 4.3 'n Nuwe primêre woning gaan opgerig word.
 - 4.4 'n plek van Onderrig vir die aanbied van kunsklasse en 'n kuns-gallery.
5. Uit die motiveringsverslag word daar glad nie van 'gaste akkommodasie' melding gemaak nie. Terwyl die bouplanne (voorgestel) twee nuwe geboue aandui waarvan die een as 'proposed dwelling 1' aangedui word en die ander een as 'guest accommodation'. Daar word nêrens 'n gebou aangedui vir 'plek van onderrig' nie. Hierdie moet reggemaak word – óf in die motiveringsverslag óf op die bouplanne dat dit ooreenstem.
6. Wanneer die aansoek ingedien word moet die aansoeker ook 'n Aktebesorgersertifikaat insluit.
7. Die aansoek is slegs gekontroleer vir korrektheid en volledigheid. Daar is nie na die meriete van die aansoek gekyk nie.

ASI KAN ONS. ASI SAL ONS

ASI WE CAN. ASI WE WILL

SIBANYE SINAKO. SIBANYE SIZA KWENZA

Die kostes vir die aansoek is soos volg:

• Vergunningsgebruik fooi	R 772.74
• Adverteringskoste: Publieke deelname	R 3 099.44
• Adverteringskoste: Provinsiale koerant	<u>R 1 550.78</u>
• Totale koste vir aansoek	<u>R 5 422.96</u>

Beaufort – Wes Bank Besonderhede

Bank: Nedbank
Rekening Houer : Beaufort –Wes Munisipaliteit
Rekening Nommer: 10742 80318
Tiep Rekening : Current Account
Tak kode : 198765
Verwysing : Erf 90: Merweville

- 'n Afskrif van die notule/brief, bewys van betaling en alle relevante inligting moet wees by die finale aansoek aangeheg.
- Die finale aansoek moet by die Senior Bestuurder: Administrasie ingedien word: Mnr P.Strumphor.

Adres:

E-pos: petrus@beaufortwestmun.co.za
Donkinstraat 112
Middelstad
BEAUFORT-WES
6970

- Die finale aansoek moet deur die eienaar onderteken word.
- Wanneer die finale aansoek ingedien word, 2 harde kopieë asook 'n volledige elektroniese kopie op CD word vereis.
- Aansoek sal dan vir 'n tydperk van 8 weke geadverteer word vir enige besware en vir Openbare deelname.
- Indien daar enige besware is, kan die aansoeker appelleer.
- Aansoeker kan dan sy appèlaansoek aan die Munisipale Bestuurder stuur.

Vir jou aandag.


C.B. WRIGHT
GEMAGTIGDE BEAMPT
/mg

Y:\Engineering\INGENIEURS\12_Dorpsbeplanning en Beheer\12-3_Dorpsaanlegskema\12-3-2 Vergunningsgebruik_Afwyking\2023\09.September 2023\Notules\02.Pre-App. Aansoek om vergunningsgebruik. Erf 90.Merweville.mg.docx

AS I KAN ONS. AS I SAL ONS

AS I WE CAN. AS I WE WILL

SIBANYE SINAKO. SIBANYE SIZA KWENZA
